



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

DRAMATIESE KUNSTE

NOVEMBER 2010

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. BEANTWOORD SLEGS DIE VRAE OOR DIE TONEELTEKSTE WAT JY BESTUDEER HET.
2. Daar word VYFTIEN minute leestyd toegestaan voor die begin van die eksamen.
3. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

AFDELING A (30 punte)

AFDELING B (60 punte)

AFDELING C (60 punte)

4. AFDELING A bestaan uit TWEE vrae:

VRAAG 1: Epiese Teater

(Kaukasiese Krytsirkel, Moeder Courage of Kanna Hy Kô Hystoe)

VRAAG 2: Teater van die Absurde

(Afspraak met Godot, Die Kaalkop Prima Donna of Bagasie)

Beantwoord slegs EEN vraag uit AFDELING A.

5. AFDELING B bestaan uit AGT vrae:

- VRAAG 3 *(Boesman en Lena)*
- VRAAG 4 *(uNosilimela)*
- VRAAG 5 *(Woza Albert!)*
- VRAAG 6 *(Sophiatown)*
- VRAAG 7 *(Nothing but the Truth)*
- VRAAG 8 *(Groundswell)*
- VRAAG 9 *(Siener in die Suburbs)*
- VRAAG 10 *(Mis)*

Beantwoord slegs TWEE vrae uit AFDELING B.

6. AFDELING C bestaan uit DRIE vrae. VRAAG 11 en VRAAG 12 is VERPLIGTEND. Beantwoord by VRAAG 13 enige EEN van die drie vrae, VRAAG 13.1 OF VRAAG 13.2 OF VRAAG 13.3.
7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
8. Gee aandag aan die getal punte wat aan elke vraag toegeken is.
9. Gebruik jou klaskamer kennis, asook onafhanklike en kreatiewe denke, om die vrae te beantwoord.
10. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: BEGRYP EN ANALISEER

Beantwoord ÓF VRAAG 1: EPIESE TEATER ÓF VRAAG 2: TEATER VAN DIE ABSURDE.

VRAAG 1: EPIESE TEATER

Beantwoord hierdie vraag indien jy *Kaukasiese Krytsirkel* OF *Moeder Courage* OF *Kanna Hy Kô Hystoe* bestudeer het.

In Brechtiaanse Teater is daar geen voorbereiding op illusie nie; die gehoor word altyd daarvan bewus gemaak dat hulle na 'n toneelstuk kyk, die akteurs speel rolle, en die tegnologie van die teater is sigbaar. Die fokus is op die maatskaplike en politieke gebeurtenisse in die toneelstuk.

- 1.1 Bespreek hoe die dramaturg die punte wat hierbo genoem is, bereik in die toneelstuk wat jy hierdie jaar bestudeer het.

Die opstel moet TWEE tot DRIE bladsye lank wees. (20)

- 1.2 Verduidelik elke Brechtiaanse term/frase wat hieronder genoem is:

1.2.1 Verfremdungseffekt (2)

1.2.2 Gelykenis ('Parable') (2)

1.2.3 Epies (2)

1.2.4 Verteller (2)

1.2.5 Historifikasie (2)

[30]

OF

VRAAG 2: TEATER VAN DIE ABSURDE

Beantwoord hierdie vraag indien jy *Afspraak met Godot* OF *Die Kaalkop Prima Donna* OF *Bagasie* bestudeer het.

In die meeste absurde toneelstukke sal jy karakters vind wat nie duidelik gedefinieer is nie, wat staties is, wat betekenislose gebrabbel praat, wat dalk begin om iets te sê en dit nie klaarmaak nie, wie se aksies dikwels weerspreek wat hulle sê, wat nie regtig 'n rede het om op te daag of te verdwyn nie en wat geen sin vir identiteit of doel het nie.

2.1 Bespreek die karakters in die absurde toneelstuk wat jy hierdie jaar bestudeer het, deur na die aanhaling hierbo te verwys. In jou opstel moet jy 'n bespreking insluit van AL die karakters en:

- Hulle handeling
- Hulle taalgebruik
- Hoe die handeling en taalgebruik die temas in die toneelstuk uitlig

Die opstel moet TWEE tot DRIE bladsye lank wees. (20)

2.2 Verduidelik elke term/frase wat hieronder genoem is:

- | | | |
|-------|---|-------------|
| 2.2.1 | Komiese kruisgesprek ('cross-talk') | (2) |
| 2.2.2 | Eksistensialisme | (2) |
| 2.2.3 | Tragi-komedie | (2) |
| 2.2.4 | Nieverhalend | (2) |
| 2.2.5 | Taal as 'n versperring ('barrier') vir kommunikasie | (2) |
| | | [30] |

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: BEGRYP EN ANALISEER

Beantwoord slegs TWEE vrae uit hierdie afdeling.

VRAAG 3: BOESMAN EN LENA DEUR ATHOL FUGARD

Lees die uittreksel hieronder uit *Boesman en Lena* en beantwoord die vrae wat daarop volg.

LENA:	Hulle het 'n groot berg van die goeters gemaak – als gebrand!	1
BOESMAN:	'n Bonfire!	
LENA:	Hy't gehelp wegsleep, dít wat oorgebly het van die pondokke ...	
BOESMAN:	Of course. Vol van die pes. En daai man met die uniform sê nog vir my "dankie baas"!	5
LENA:	Is net so.	
BOESMAN:	[vurig] Ja! Hoe's daai! "Dankie baas"! Daai's wat jy ook moes gesê het, jy wat daar gesit het met jou sad storie. Die witman het vir ons 'n favour gedoen, sê ek jou. Jy moet vir hom gehelp het! Daai's nie plyn net pondokke wat hy geverbrand het nie, nei, die pondokke alleen kon nie so gestink het nie. Of so gebrand het nie.	10
	In daai vuur was daar 'n ander ding gewees. Dis 'n ding wat vrot is ... en dis ons, ja! Onse sad stories, onse stinke, onse wêreld! En hy't gebránd, boeta! Hy't gebrand. Daai't ek ook gesien.	15
	Op laaste net 'n hopietjie asse. En doodse stil. En toe ... dis met daai wat ek terug is na onse plekkie, waar onse pondok gewees het. Maar nei, hy's weg! Verstaan jy daai? Weg! Ek wil vir jou gekom roep het, en gewys het. Daai plek daar, daar waar ons soos bobbejane ge-in en ge-uit het, inkruip, uitkruip, en daar waar ons nes hulle gesit en eet het, so met die kop in die knieë en met die vingers in die pot – weggesteek dat die ander nie onse kos sien nie ... Daar kon ek staan! Regop, genoeg plek om regop te staan. En weet jy wat's daai? Luister, luister, want daai's die woord: freedom! Vryheid! Ja, ek het hom baie gehoor, daai woord vryheid. Daai's wat die witman vir ons gegee het. Ek het ook gevoelte, en daai was 'n grote wat ek gehet het met die staan daar. Dis hoekom ek gelag het, ek was blý gewees. Toe ons ons ou goetertjies optel en ons beginne te loop, toe wil ek gesing het. Daai was Freedom!	20
		25
LENA:	En het jy hom nog, Boesman?	30

- 3.1 Stem jy saam met Boesman se woorde dat die 'witman' vir hulle 'n 'favour gedoen' het deur hulle pondokke te verbrand? Motiveer jou antwoord. (4)
- 3.2 Jou skool se dramadepartement is gevra om die toneelstuk *Boesman en Lena* op te voer. Jy is in beheer van die kostuums. Beskryf, met redes, jou kostuumkeuse vir Boesman. Jy mag 'n skets met 'n verduideliking gebruik om jou antwoord te ondersteun. (4)

- 3.3 Bespreek hoe die karakters van Boesman en Lena die tema van mishandeling voorstel. (8)
- 3.4 Tot watter belangrike besef oor haar lewe kom Lena aan die einde van die toneelstuk? (4)
- 3.5 'n Skool in jou omgewing het onlangs hierdie toneelstuk opgevoer. 'n Resensent het die volgende te sê gehad: 'Hierdie toneelstuk was 'n goeie keuse, veral in 2010. Die regering word in die gesig gestaar deur die reuseprobleem van haweloosheid en tog het ons miljoene rande spandeer om nuwe stadions op te rig en die Wêreldbeker te vier.'
- Bespreek die geldigheid (waarheid) van die opmerkings hierbo met spesifieke verwysing na die toneelstuk. (10)
- [30]**

VRAAG 4: uNOSILIMELA DEUR CREDO MUTWA

Lees die bron hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

BRON A

	[The dancers rise and start the song 'Indaba, bantwabami' (a story, my children). They leave the Inkundla dancing and go to the Shashalazi where they are joined by another group of dancers. The dancing to the Indaba song is vigorous and soul-stirring.]	1
STORYTELLER:	Alishone ilanga, bantwabam'. (Let the sun set, my children.) Let your voices die away with the setting sun, in rays of red and gold. [As he says this the singing grows softer, the dancers return to the Inkundla and sink to the floor like the sun.]	5
	The story you are about to hear begins not in this age nor in this time but in that period beyond the mists of history where, in the fabled land of Amariri, the children of the star had their magic city, Amakhawayiki, which was at this time ruled by Kimamereva the Silent, daughter of Turunda, who had his Great Place on the moon at one time.	10
	[The dancers laugh, recollecting the amusing and amazing tale of Turunda, whom the moon-goddess cheated into building a silver palace on the moon which afterwards she seized for herself.]	15
	The story is on self-understanding, self-discovery, love of your neighbour and love and respect for the laws and religion of your civilized forefathers. So, my children, let us go and reveal the story, not with empty words alone but with shining deeds as well. Khona bantwabam'!	20

- 4.1 Dink jy die term 'swart drama' is vandag steeds geldig? Bespreek. (4)
- 4.2 Verduidelik hoe jy die regie van die toneel (BRON A) sou doen. Sluit in jou verduideliking die tegnieke van storievertelling, dans, sang en gehoorinteraksie in. (10)
- 4.3 Rolf Solberg sê van *uNosilimela*: 'Hierdie is 'n storie van selfkennis, naasteliefde en respek vir voorvaders.'
- Verduidelik hoe *uNosilimela* 'n storie is van:
- Naasteliefde
 - Respek vir voorvaders
- (6)
- 4.4 Moet swart Suid-Afrikaners afsien van inheemse teater, soos *uNosilimela*, en moderne Westerse teater aanneem? Verduidelik jou antwoord. (10)
- [30]**

VRAAG 5: WOZA ALBERT! DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON

5.1 *Woza Albert!* is 'n goeie voorbeeld van 'n werkswinkel-toneelstuk en het elemente van protesteater.

5.1.1 Verduidelik die term *protesteater*. (2)

5.1.2 Beskryf DRIE eienskappe/elemente van 'n tipiese werkswinkel-toneelstuk. (6)

5.1.3 Bespreek die geldigheid (waarheid) van die stelling in VRAAG 5.1 se inleiding hierbo. Ondersteun jou antwoord deur te verwys na beide die proses en die toneelteks van *Woza Albert!*. (6)

5.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

	<i>Lights up bright on a barber's open-air stall. Percy – the barber – is sitting on a box, Mbongeni – the customer – between his knees. Auntie Dudu's shawl is now the barber's sheet.</i>	1
PERCY:	Ehh, French cut? German cut? Cheese cut?	
MBONGENI:	Cheese cut.	5
PERCY:	Cheese cut – all off!	
MBONGENI:	(<i>Settling</i>): That's nice ... How much is a cheese cut?	
PERCY:	Seventy-five cents.	
MBONGENI:	Aaay! Last week my cousin was here and it was fifty cents.	
PERCY:	Hey, you've got very big hair my friend (<i>he begins cutting hair</i>).	10
MBONGENI:	(<i>Squirming nervously during the – mimed – clipping, relaxing at the end of a run</i>): That's nice. What machine is this?	
PERCY:	Oh its number ten ...	
MBONGENI:	Number ten? Ohhh.	
PERCY:	Though it's a very old clipper.	15
MBONGENI:	That's nice. (<i>More cutting, more squirming.</i>) That's nice. Where's your daughter now?	
PERCY:	Ohh, she's in university.	
MBONGENI:	University? That's nice. What standard is she doing in university?	
PERCY:	(<i>Clipping</i>) Ohhh, she's doing LLLLLB. I don't know, its some very high standard.	20

5.2.1 Gee TWEE voorbeelde van hoe arm/gestroopte teater tegnieke in die uittreksel hierbo gebruik word. (4)

5.2.2 Jy is gevra om oudisies te hou vir akteurs vir die toneelstuk *Woza Albert!* Bespreek, met redes, die eienskappe waarna jy sal soek in die akteurs wat jy sal kies om die rolle van Mbongeni en Percy te speel. (4)

5.3 Verduidelik, in 'n paragraaf, waarom die toneelteks *Woza Albert!*, wat in die 1980's geskep is, steeds 'n goeie keuse as 'n voorgeskrewe werk is vir Graad 12 Dramatiese Kunste-leerders. Verwys in jou antwoord na die inhoud en styl van die toneelstuk. (8)

[30]

VRAAG 6: SOPHIATOWN DEUR DIE JUNCTION AVENUE-TEATERGESELSKAP

6.1 *Sophiatown* is 'n dokumentêre drama en 'n waardevolle deel van die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

6.1.1 Verduidelik waarom *Sophiatown* (die toneelstuk) as 'n 'waardevolle deel van die Suid-Afrikaanse geskiedenis' beskryf kan word. (4)

6.1.2 Bespreek die teatertegnieke wat in die proses en produk gebruik is om *Sophiatown* (die toneelstuk) as 'n dokumentêre drama te beskryf. (8)

6.2 Lees die bron hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

BRON A

PRINCESS:	And who's gonna protect her from the Americans at night?	1
MINGUS:	Me.	
PRINCESS:	But you are an American, wena.	
MINGUS:	I'll protect her.	
PRINCESS:	And the Beliners, and the Gestapo Gang, and the Vultures? Where have you ever seen a white girl in this Sophiatown – where?	5
FAHFEE:	There are always Europeans here – drinking at the Back of the Moon, drinking at the Thirty-Nine Steps. In the night clubs, at the House of the Truth, in the bioscope. What difference if one of them spends the night. Nobody's gonna know. And if they did, nobody'd give a damn.	10
MINGUS:	Except for the Boere.	
LULU:	And the Princess!	

6.2.1 Watter rol speel die karakters van Lulu en Princess in die ontwikkeling van temas (kwessies) in die toneelstuk? (4)

6.2.2 Lulu sê: "I'm going to be a film star – like Dolly Rathebe in 'African Jim' and 'The Magic Garden'."
(*she gets up and sings an extract from one of Dolly Rathebe's films*)

Beskryf hoe jazzmusiek en die Amerikaanse kultuur die lewe in Sophiatown beïnvloed het. (4)

6.3 Bespreek hoe die toneelstuk, *Sophiatown*, dramatiese tegnieke gebruik om die emosionele kwessie van gedwonge verhuisings uit te lig. (10)
[30]

VRAAG 7: NOTHING BUT THE TRUTH DEUR JOHN KANI

Lees die uittreksel hieronder uit *Nothing But The Truth* en beantwoord die vrae wat daarop volg.

MANDISA:	My father was cremated last week. I brought his ashes to be buried next to his parents. If Uncle Sipho does not want to do that, I am not going to beg him. I will ask somebody to show me where his parents are buried and I will scatter the ashes between them and go home. My father was right. Uncle Sipho was jealous because my father was a hero of the Struggle.	1 5
SIPHO:	If your father was a hero of the Struggle why did he not come back when the exiles came back? Why was he not part of the Kempton Park delegation that negotiated with the apartheid government? Did he ever tell why he could not come back?	10
MANDISA:	He was not well. He wanted to be well first, then he would come back. He did not want to come back a sick man.	
SIPHO:	He preferred to come back a dead man in that thing. How convenient.	
THANDO:	(<i>coming back into the living room</i>) Stop it! Both of you! I've made up my mind. I am going to Johannesburg with you Mandisa. With or without your permission, Daddy. About London, that is another matter. I'll let you know later.	15
SIPHO:	Even if he is dead he is still taking from me.	

- 7.1 Beskryf Sipho se reaksie op die nuus dat sy broer veras is. (2)
- 7.2 Bespreek hoe Mandisa se aankoms Thando beïnvloed deur na die uittreksel en die toneelstuk in geheel te verwys. (4)
- 7.3 Jy is gekies om die rol van Sipho (as jy manlik is) of Mandisa (as jy vroulik is) te vertolk. Verduidelik hoe jy te werk sal gaan om vir jou rol voor te berei deur na opvoertegnieke en -metodes te verwys wat jy in Dramatiese Kunste bestudeer het. (8)
- 7.4 Verduidelik Kani se gebruik van 'n realistiese styl in die taalgebruik en karakters in *Nothing but the Truth*. (6)
- 7.5 Die toneelstuk illustreer heel duidelik waarom dit steeds nodig is om oor die verlede te praat; omdat die verlede altyd 'n kragtige teenwoordigheid in die hede sal wees. Ware versoening sal slegs plaasvind wanneer ons in staat is om wat gister gebeur het, sonder bitterheid te konfronteer. – Zakes Mda

Bespreek die temas van broederlike wedywing, waarheid, vergifnis en versoening in die toneelstuk. Verwys na die aanhaling hierbo.

(10)
[30]

VRAAG 8: GROUNDSWELL DEUR IAN BRUCE

Lees die uittreksel hieronder uit *Groundswell* en beantwoord die vrae wat daarop volg.

	<i>[Johan stops fighting. Thami twists out of Johan's hold, grabs the knife from him. Johan slides to his knees. Thami lifts the knife, ready to stab him.]</i>	1
THAMI:	Must I do it?	
	<i>[Johan says nothing. Looks away with closed eyes, waiting for the knife to fall.]</i>	5
	Because I can do it. You must be cruel to be kind sometimes, as you say.	
	<i>[Johan waits for the knife to be plunged into his body. Instead, Thami lowers the knife and walks away. Johan does not move. Matter-of-fact, holding his finger.]</i>	10
	You nearly broke my finger, man.	
	<i>[Not looking at Thami]</i>	
JOHAN:	I'm sorry Thami.	
	<i>[Long pause]</i>	
	<i>[Approaches Johan]</i>	15
THAMI:	I know you are sorry.	
	<i>[He swiftly removes the credit card from Johan's shirt pocket. He holds out his hand.]</i>	
	The keys.	
	<i>[Johan looks up at him]</i>	20
	Give them to me.	
	<i>[Johan clutches the keys, tightly. Thami forcefully pries them out of his reluctant fingers.]</i>	
	Okay. Now go. Hamba!	
	<i>[Johan stands up slowly, walks towards the stoep door.]</i>	25
	<i>[Turns to Thami]</i>	
JOHAN:	And you? What are you going to do?	
THAMI:	I'll be here.	
JOHAN:	Will you be okay?	
THAMI:	You mean without you? Will I be okay without you?	30
JOHAN:	Yes.	
THAMI:	<i>(Gentler)</i> Hamba.	
	<i>[Johan exits. The bell and sea grow louder as the door opens. The dog barks as it chases after Johan. Thami closes the door, collects Smith's things together, tidies up the table. Smith enters through the inner-house door. Thami hands him his things.]</i>	35
SMITH:	Thank you.	
	<i>[He starts to leave]</i>	
THAMI:	Breakfast is at eight o'clock.	
	<i>[Smith nods, exits. Thami opens the dresser drawer, takes out his letter and pen. He sits down at the table, tears up the letter and starts a new one. Lights fade slowly until only Thami is lit. The sound of the bell grows louder.]</i>	40
THAMI:	My dear Noluthando ...	
	BLACK OUT	45

- 8.1 Wat is Thami se werk by die gastehuis? (1)
- 8.2 Beskryf Thami se karakter. Jy mag hierdie spesifieke uittreksel en die toneelstuk in geheel in jou beskrywing gebruik. (4)
- 8.3 Bespreek hoe Johan se gedrag in reël 1 tot 10 nie tipies van sy karakter is nie. (5)
- 8.4 Verduidelik hoe jy as regisseur die fisiese werk en die stemwerk van reël 1 tot 20 sou lei om die opvoering van die konflik tussen Johan en Thami vir die gehoor interessant te maak (hul aandag te behou). Gebruik gedetailleerde verwysings uit die teks. (10)
- 8.5 Beskryf hoe die klok en die see (reël 33 en 42) as herhalende beelde in die toneelstuk gebruik word. (4)
- 8.6 Beligting is een van die spesiale effekte wat in die teater gebruik word om ons reaksie op gebeure, soos wat hulle op die verhoog ontvou, te beïnvloed.
- 8.6.1 Hoe beïnvloed die verhoogaanwysing '*Lights fade slowly until only Thami is lit*' (reël 42) die gehoor se reaksie op Thami? (4)
- 8.6.2 Wat is 'n *BLACK OUT* (reël 45)? (2)

[30]

VRAAG 9: SIENER IN DIE SUBURBS DEUR PG DU PLESSIS

9.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

FÉ:	Wanneer gaan jy sien?	1
TJOKKIE:	Sien? Hoekom moet ek sien? Jy's besimpeld.	
FÉ:	Ek dag Tiemie het jou al gevra. Sy't gesê jy sal as sy jou vra.	
TJOKKIE:	Sy't nie gevra nie. Ek sal ook nie, al vra sy.	
FÉ:	Natuurlik sal jy, dis jou suster.	5
TJOKKIE:	Suster of te not, ek sal nie. Elke keer as hulle iets verbrou, moet ek dit regsien.	
FÉ:	Die onsekerheid maak haar siek, Tjokkie.	
TJOKKIE:	Ek dag sy wil juis siek word.	
FÉ:	Jy sal iets moet doen, Tjokkie. Sy's bang vir Jakes.	10
TJOKKIE:	Almal in hierdie straat is bang vir Jakes.	
FÉ:	Tjokkie, jy kan nie toelaat dat Jakes haar vat nie. Hy wou haar nog altyd hê. Nou met dié ding gaan hy haar kry.	
	Tjokkie, jy sal moet sien.	
TJOKKIE:	Wat sal sien help? Sien sal nie die kleintjie uit haar uithaal nie.	15
FÉ:	Asseblief, Tjokkie. Laat sy net weet. Dis 'n vreeslike ding.	
TJOKKIE:	Julle druk mens altyd in 'n ding in. Ek kan nie help dat ek 'n verbrande talent het nie. (<i>Opstandig, verander stemming.</i>)	
	En oor ek hom het, kan ander mense met my mors soos hulle wil, soos hulle lekkerkry! Oor ek 'n ding het wat mooi is, wat ek moet vashou, moet almal 'n gemors daarvan maak. Nou ryg almal altyd aan die ding en hulle torring my gal los. Jar, ek is al moeg rondgeloop soos 'n ding met 'n los draadjie. Dis mos seer as hulle torring.	20

9.1.1 Waarvan praat Fé in reël 1 as sy vra: 'Wanneer gaan jy sien?' (2)

9.1.2 Bespreek waarom die volgende karakters Tjokkie wil laat 'sien':

- (a) Giel (4)
(b) Jakes (4)

9.1.3 Tjokkie se woorde, 'Elke keer as hulle iets verbrou, moet ek dit regsien', is ironies.

Verduidelik die stelling hierbo deur te verwys na die handeling en dramatiese spanning wat volg op Tjokkie se visioen, spesifiek met verwysing na Tiemie. (8)

9.2 Bespreek waarom Tjokkie as 'n onskuldige sondebok gesien kan word. (4)

9.3 Verduidelik hoe die volgende klankeffekte atmosfeer en betekenis in die drama versterk:

9.3.1 Jakes se motorfiets (4)

9.3.2 Die radio-uitsending van die perderesies (4)

[30]

VRAAG 10: MIS DEUR REZA DE WET

10.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

KONSTABEL:	<i>(Trek die gordyne opsy.)</i> Dis net reg so. <i>(Maak die venster oop. Sirkusmusiek word gehoor.)</i>	1
MEISIE:	Asseblief! Maak toe die venster! Ek mag nie die musiek hoor nie! Asseblief.	
KONSTABEL:	Net vir 'n rukkie. Daar trek so 'n soet luggie. <i>(Glimlag)</i>	5
MEISIE:	<i>(Druk haar hande oor haar ore.)</i> Die musiek is so hard. Ek mag dit nie hoor nie. <i>(Die konstabel maak vinnig die deur oop. Die musiek is nou harder.)</i> Nee! Maak toe die deur! <i>(Hardloop na die deur.)</i>	

10.1.1 Waarom mag Meisie nie die sirkusmusiek hoor nie (reël 3 en 6)? (2)

10.1.2 Wat is die simboliese betekenis van die sirkusmusiek in die toneelstuk? (2)

10.2 Verduidelik hoe Gertie en Meisie deur fantasiespel of dans bevry word. (8)

10.3 Verduidelik die simboliese betekenis van BEIDE Konstabel en Meisie se kostuumwisselinge aan die einde van die toneelstuk. (2 x 4) (8)

10.4 Binne die fanatieke beswering van alles wat seksueel of onderbewustelik prikkel, vind 'n ironiese ontboeseming plaas – Miem en Gertie se valse moraliteit word ontmasker. – Cornelia du Preez

Bespreek die geldigheid (waarheid) van hierdie aanhaling. Verwys in jou antwoord na die skynheiligheid van Miem en Gertie. (10)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 60

AFDELING C: PAS PERSOONLIKE HULPBRONNE TOE EN BESIN EN EVALUEER

AFDELING C is VERPLIGTEND.

VRAAG 11

Lees die gedig *Die Dans van die Reën* deur Eugène Marais en beantwoord die vrae wat daarop volg.

O die dans van ons Suster!	1
Eers oor die bergtop loer sy skelm, en haar oge is skaam; en sy lag saggies.	
En van ver af wink sy met die een hand; haar armbande blink en haar krale skitter; saggies roep sy.	5
Sy vertel die winde van die dans en sy nooi hulle uit, want die werf is wyd en die bruilof groot.	
Die grootwild jaag uit die vlakke, hulle dam op die bulttop, wyd rek hulle die neusgate en hulle sluk die wind;	10
en hulle buk, om haar fyn spore op die sand te sien. Die kleinvolk diep onder die grond hoor die sleep van haar voete, en hulle kruip nader en sing saggies: "Ons Suster! Ons Suster! Jy het gekom! Jy het gekom!"	15
En haar krale skud, en haar koperringe blink in die wegraak van die son. Op haar voorkop is die vuurpluim van die berggier; sy trap af van die hoogte; sy sprei die vaal karos met altwee arms uit; die asem van die wind raak weg. O die dans van ons Suster!	20

- 11.1 Watter stemvaardighede sal jy gebruik in die openingsreëls van die gedig (reël 1 tot 9) om die aandag van die gehoor te behou en die verskillende aksies van die reën uit te lig? (4)
- 11.2 Waar en hoekom sal jy die volume van jou stem in reël 10 tot 14 vergroot? (3)
- 11.3 Identifiseer TWEE oomblikke in die gedig waar die tempo van die woorde verander. Hoe sal dit die vertolking (praat) van hierdie reëls beïnvloed? (4)
- 11.4 'n Paar fisiese aksies deur die akteur sal die opvoering van hierdie gedig beoordeel. Beskryf watter aksies jy, as akteur, in strofe 3 (reël 18 tot 24) sou byvoeg. (4)
- [15]**

VRAAG 12

Verwys na die bronne hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

BRON A

Produksie: *War Horse*-poppe deur Handspring Puppet Company

Elk van hierdie volgrootte poppe word deur twee of drie spelers beheer.

- 12.1 Waarom sal 'n regisseur popperde in plaas van regte perde op die verhoog gebruik? (2)
- 12.2 Wat is die voordeel daaraan verbonde om volgrootte popperde te gebruik, in plaas van 'n akteur wat 'n perdemasker dra? (3)
- 12.3 Hierdie mense is nie akteurs nie. Hulle manipuleer (beheer en hanteer) eenvoudig die poppe. Hulle is nie naastenby so belangrik soos die akteur nie. Bespreek die akkuraatheid van die stelling hierbo. In jou antwoord moet jy ook na die volgende verwys:
- Die fisiese vaardighede wat nodig is om sulke poppe te hanteer en manipuleer
 - Die effektiwiteit van die poppe op die verhoog
 - Wie anders (buiten die akteurs) in die opvoerproses betrokke kon wees (10)

BRON B**EKSAMINATOR SE VERSLAG**

Die groepopvoering het bewyse getoon van sorg wat gedra is met die 1
aanbieding van die opvoermateriaal. Die geselskap het die materiaal wat
opgevoer is, verstaan. Ongelukkig het die akteurs grotendeels as individue
opgetree, eerder as om 'n verhouding met mekaar op die verhoog te skep.

Die groep was goed voorberei (gerepeteer) en het goeie konsentrasie- 5
vaardighede getoon. Die fokus was sterk op elke individuele vertolking en
die groep het nie gebou aan 'n intieme verhouding tussen akteur en gehoor
nie.

- 12.4 Verduidelik wat met die term *opvoermateriaal* bedoel word (reël 2). (2)
- 12.5 Waarom is dit belangrik om te verstaan wat jy opvoer? (2)
- 12.6 Watter tegnieke kan gebruik word om akteurs te help om 'n verhouding met mekaar op die verhoog te skep' (reël 4)? (4)
- 12.7 Wat word met die frase *goeie konsentrasievaardighede* (reël 5 tot 6) bedoel? (2)
- 12.8 Bespreek waarom die verhouding tussen akteur en gehoor van deurslaggewende belang in die sukses van 'n opvoering is. (5)
- [30]**

VRAAG 13

Beantwoord EEN van die volgende drie vrae, dus ÓF VRAAG 13.1 ÓF VRAAG 13.2 ÓF VRAAG 13.3.

13.1 LEWENDIGE OPVOERING (KEUSEVRAAG)

Ek hou aan vergeet: my akteurs hoef nie die karakters te WEES nie. Hierdie geselskap moet soos 'n sportspan wees wat speel dat hulle die karakters is: 'Ons is nie hierdie mense wat jy sien nie, ons speel slegs vir 'n kort tydjie dat ons hulle is.'

[Brett Bailey, *IMUMBO JUMBO*-werkboek, April '97]

Skryf 'n paragraaf waarin jy hierdie aanhaling bespreek met betrekking tot ten minste EEN van die punte wat hieronder genoem word:

- Dramapraktisyns wat jy bestudeer het
- Opvoerings van toneelstukke wat jy gesien het
- Tekste wat jy bestudeer het
- Jou eie optree-ervaring

[15]

OF

13.2 MEDIASTUDIE (KEUSEVRAAG)

Vir filmoptrede is karakterontwikkeling nie net om rond te sit, jou naam van die teks af te lees, en 'n oppervlakkige siening van wie jy as karakter is, te hê nie – dit is om so diep as moontlik te delf in wíe hierdie karakter is. Dit is om letterlik te probeer om hierdie persoon te word. As 'n akteur moet jy in staat wees om jouself totaal uit die weg te ruim (uit te skakel) en jouself met hierdie karakter/persoon te vervang.

Skryf 'n paragraaf waarin jy hierdie aanhaling bespreek met betrekking tot ten minste EEN van die punte wat hieronder genoem word:

- Filmteorie wat jy bestudeer het
- Films waarna jy gekyk het
- Films wat jy bestudeer het
- Jou eie optree-ervaring in film

[15]

OF

13.3 KULTURELE OPVOERING EN RITUEEL (KEUSEVRAAG)

Die speel van 'n rol in enige inheemse teateropvoering gaan nie net oor die 'maak asof'/voorgee ('make-believe') nie, maar gaan grootliks oor die karakter se verhouding met die inhoud/materiaal en die gehoor en hoe die gehoor reageer.

Skryf 'n paragraaf waarin jy hierdie aanhaling bespreek met betrekking tot ten minste EEN van die punte wat hieronder genoem word:

- Enige inheemse opvoering/toneelstuk wat jy gesien het
- Jou eie optree-ervaring in 'n inheemse opvoering/toneelstuk **[15]**

TOTAAL AFDELING C: 60
GROOTTOTAAL: 150